Bib.

62/86

226/85

N v H

ERIC SOLOMON

en

DIE STAAT

SMALBERGER, AR :-

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

ERIC SOLOMON Appellant

en

DIE STAAT Respondent

CORAM: RABIE, HR, TRENGOVE, BOTHA, JACOBS, et SMALBERGER, ARR

VERHOORDATUM: 21 MAART 1986

LEWERINGSDATUM: 22 MEI 1986

---

U I T S P R A A K

SMALBERGER, AR :-

In hierdie appèl is op 28 Maart 1986 die volgende bevel verleen:

"Die appèl slaag. Die appellant se skuldig=bevinding word verander na een van 'n oortreding van artikel 2(b) van Wet 41 van 1971. Sy vonnis word verminder na 2 jaar gevangenisstraf."

Terselfdertyd is daar aangedui dat redes vir die bevel later verstrek sou word. Dié redes volg.

Die vraag wat in hierdie appèl ontstaan, is die netelige en tergende een of 'n persoon wat as tussenganger

of agent / .........

of agent op versoek van 'n koper verbode of gevaarlike afhanklikheidsvormende medisyne ("verbode stof") vir die koper se gebruik koop, hom daardeur skuldig maak kragtens die bepalings van Wet 41 van 1971 ("die Wet") aan handel= dryf in sodanige verbode stof of slegs aan besit daarvan (onderskeidelik oortredings van artikel 2(a) en 2(b) van die Wet). Hierdie vraag het reeds in al die Provinsiale Afdelings van die Hooggeregshof aandag geniet en uiteen= lopende en onversoenbare beslissings is daaromtrent gelewer. Die aangeleentheid is in hierdie Hof in die saak S v Batshise 1982(1) SA 966 (A) geopper, maar die feite van daardie saak was sodanig dat dit nie nodig was om uitsluitsel oor die meningsverskille in die verskeie Afdelings te gee nie.

Die / ...............

Die appellant is in die landdroshof, Johannesburg, daaraan skuldig bevind dat hy handel gedryf het in 'n verbode stof, te wete een Mandrax tablet wat metakaloon bevat het. Vir die doeleindes van skuldigbevinding het die landdros die appellant se weergawe van wat plaasgevind het, aanvaar. Daarvolgens het die appellant, op versoek van 'n voornemende koper, sonder enige vergoeding of voordeel vir homself, en bloot om die koper 'n guns te bewys, 'n Mandrax tablet gaan koop by 'n persoon wat deur die koper aan die appellant uitgewys is. Die koper het die nodige geld vir die aankoop van die Mandrax tablet voorsien. Nadat hy die Mandrax tablet gekoop het, maar voordat hy dit aan die koper kon oorhandig, is die appellant deur die polisie in hegtenis geneem. Die appellant het erken dat

hy / ..............

hy die vereiste wederregtelikheidsbewussyn gehad het. Sy skuldigbevinding was gegrond op die uitgebreide betekenis van "handeldryf" volgens die woordomskrywing in die Wet. Hy is gevonnis tot die verpligte minimum vonnis van 5 jaar gevangenisstraf. Sy appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling is afgewys, maar hy is verlof verleen om na hierdie Hof in hoër beroep teen sy skuldigbevinding te kom.

Volgens vorige beslissings van die Transvaalse Provinsiale Afdeling, asook volgens beslissings van die Oos-Kaapse en die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling, sou die appellant, op die grondslag van die feite van die onderhawige geval, aan handeldryf skuldig wees (sien bv S v Matamela 1977(1) SA 315 (T); S v Batshise 1982(1) SA 976 (T); S v Gwabeni 1977(2) SA 27 (OK); S v Adams en

Andere / ............

Andere (K), ŉ Volbank-beslissing wat op 11 Februarie 1986 gelewer is maar nog nie gerapporteer is nie). Die benadering van hierdie Afdelings is dat die woord=omskrywing van "handeldryf" in die Wet letterlik toegepas en wyd vertolk moet word omdat dit klaarblyklik die bedoeling van die Wetgewer was om alle handelinge wat die verspreiding van verbode stof bevorder, strafbaar te maak as handeldryf. So word daar, byvoorbeeld, in Adams se saak tot die gevolgtrekking gekom, in die geval van ŉ persoon wat ŉ verbode stof gaan koop in opdrag of op versoek van ŉ koper en dit dan aan die koper oorhandig, dat "(s)o ŉ persoon is besig om deel te neem aan die euwel wat die Wetgewer wil bekamp deur behulpsaam te wees in die ver=spreiding van dwelmstowwe en sy handelswyse betrek hom ..... onder diegene wat handeldryf, soos omskryf".

In teenstelling hiermee sou die appellant volgens die beslissings in die Natalse en Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling, asook dié van die Noord-Kaapse Afdeling, alleenlik aan besit skuldig wees (sien bv S v Ntshingila 1980(3) SA 883 (N); S v Morgan, S v Watson 1979(2) SA 609 (O); S v Bester 1977(2) SA 141 (NK) ). Die beslissings in hierdie Afdelings berus op 'n enger vertolking van die woordomskrywing van "handeldryf". Die grondslag van hierdie beslissings is dat dit duidelik is volgens die bepalings van die Wet dat iemand wat verbode stof vir eie gebruik koop hom nie skuldig maak aan handeldryf nie, maar slegs aan besit, en dat die Wetgewer gevolglik nie kon bedoel het dat 'n persoon wat net as tussenganger of agent namens die koper verbode stof koop hom daardeur aan

handeldryf / ........

handeldryf skuldig maak nie. Daar word ook 'n verskil getref tussen die sogenaamde verskaffings- en verkrygings=aktiwiteite met betrekking tot verbode stof en daar is bevind dat die bedoeling van die Wetgewer alleenlik was om verskaffings- en verwante handelinge as handeldryf te brandmerk.

Kragtens die woordomskrywingsbepaling van die Wet (artikel 1) beteken "handeldryf", tensy dit uit die samehang van die Wet anders blyk, "met betrekking tot af=hanklikheidsvormende medisyne of 'n plant waaruit sodanige medisyne vervaardig kan word, ook 'n handeling verrig in verband met die insameling, invoer, lewering, oorlaai, toediening, uitvoer, verbouing, verkoop, vervaardiging, versending of voorskryf daarvan". In die onderhawige

geval / ..........

geval gaan dit oor die betekenis van die woorde "ŉ handeling verrig in verband met ... lewering ... of ... verkoop". Die woord "lewering" (in Engels, "supply") word nie verder in die Wet omskryf nie, maar die woord "verkoop" (in Engels, "sale") wel. Dit beteken "met betrekking tot afhanklik=heidsvormende medisyne of ŉ plant waaruit sodanige medisyne vervaardig kan word, ook vir verkoop aanbied, adverteer, besit, of uitstal, van die hand sit, hetsy teen ŉ teen=prestasie of andersins, of verruil, en het 'verkoop' as selfstandige naamwoord ŉ ooreenstemmende betekenis". Letterlik uitgelê, is die trefwydte van die omskrywing van"handeldryf" besonder wyd - veral die woorde "handeling verrig in verband met" dui daarop. Nogtans moet die betekenis van elke woord of begrip vasgestel word in die

samehang / ..........

samehang van die bepalings van die Wet as geheel. In _Rabinowitz and Another v De Beers Consolidated Mines Ltd and Another_ 1958(3) SA 619 (A) sê SCHREINER, AR, op 631 G: "But expressions like 'in respect of' and 'in connection with', though they may sometimes be used to cover a wide range of association, must in other cases be limited to the closer or more direct forms of association indicated by the context". Omdat ons met ŉ strafbepaling te doen het, moet onduidelike of dubbelsinnige woorde beperkend uitgelê word (STEYN: _Die Uitleg van Wette_ : 5de Uitgawe : bl 115/6). Daar moet ook in gedagte gehou word dat dit nie die woord=omskrywing van handeldryf alleen is wat bepaal of ŉ persoon aan handeldryf skuldig is al dan nie. ŉ Persoon is ook aan handeldryf skuldig as sy optrede binne die normale, letter=

like / ..............

like betekenis van die woord val. Daar is ook verskeie vermoedens in artikel 10 van die Wet vervat wat 'n wye veld dek en wat, indien hulle nie weerlê word nie, 'n skuldig=bevinding aan handeldryf tot gevolg het. Aan die hand van hierdie oorwegings moet daar in iedere geval bepaal word of 'n persoon se optrede binne die woordomskrywing van handeldryf val. Die uiteindelike mikpunt is om die bedoeling van die Wetgewer soos weerspieël in die bepalings van die Wet vas te stel.

Die Wet tref 'n duidelike onderskeid tussen handeldryf in, en die gebruik of besit van, verbode stof. Dit blyk uit die bepalings van artikel 2 van die Wet. Hierdie onderskeid is veral te bespeur by die strawwe wat vir handeldryf en besit onderskeidelik voorgeskryf is.

Dit is aanduidend van die Wetgewer se bedoeling om nie handeldryf en besit vir eie gebruik, en diégene wat by die een of die ander betrokke is, oor dieselfde kam te skeer nie. Daar is 'n regstreekse verband tussen koop en verkoop, en volgens 'n letterlike uitleg van die woordomskrywing van handeldryf sou " 'n handeling verrig in verband met die verkoop" van verbode stof ook die koop daarvan insluit. In S v Majenge en 'n Ander 1978(2) SA 661 (O) is daar egter na my mening oortuigend aangetoon dat, indien die woordomskrywing van handeldryf in samehang met die bepalings van artikel 2 van die Wet gelees word, dit duidelik is dat die bedrywigheid van koop van 'n verbode stof nie as sodanig strafbaar gestel is nie. Daar is ook bevind dat die Wetgewer nie bedoel het dat koop 'n handeling is wat strafbaarheid van

van die / ..........

van die koper as medepligtige van die verkoper meebring nie. (In S v Bushinelo 1982(3) SA 456 (T) is daar tot dieselfde gevolgtrekking gekom - daar word, ietwat verbasend, nie na Majenge se saak verwys nie.) Die gevolgtrekking waartoe daar in Majenge se saak gekom is, is dat 'n koper van verbode stof nie 'n handeling in verband met die verkoop daarvan verrig nie. (Dit geld natuurlik net in die geval waar die verbode stof vir eie gebruik gekoop is - ander oorwegings geld as dit gekoop is met die doel om dit te verkoop of andersins van die hand te sit, iets wat op handeldryf sal neerkom.) Hierdie gevolgtrekking het tot op hede blykbaar algemene byval gevind (sien bv Morgan se saak op 615 C en 619 D; Ntshingila se saak op 887).

Ek / ............

Ek aanvaar dat Majenge se saak korrek beslis is. Daar is genoegsame aanduidings in die Wet om my te oortuig daarvan dat die Wetgewer nie bedoel het om die koop van 'n verbode stof (in teenstelling met die besit daarvan) strafbaar te maak nie. Daar word na sommige van hulle verwys in, onder andere, die sake Majenge en Ntshingila. Ek bepaal my by drie oorwegings. Eerstens is daar die betekenisvolle weglating van woorde soos "koop" of "bekom" in die woordomskrywing van handeldryf. Dit is 'n aanduiding dat die Wetgewer diegene wat verbode stof vir eie gebruik koop of bekom nie met dieselfde verwyt bejeën as diegene wat dit verkoop nie. Tweedens, indien die koper van verbode stof hom skuldig sou maak aan handeldryf alleenlik uit hoofde van die uitgebreide betekenis van handeldryf,

sou die duidelike verskil wat in die Wet getref word tussen handeldryf en besit verflou of selfs verdwyn. Die rede hiervoor is dat, vanweë die uitgebreide betekenis van verkoop, behoudens in hoogs uitsonderlike gevalle, 'n persoon in besit van verbode stof noodwendig 'n handeling sou verrig het wat op handeldryf (in sy omskrewe uitgebreide betekenis) neerkom. Die enigste uitsonderings sou waar= skynlik wees waar die verbode stof opgetel of gesteel is. Gesien die skema van die Wet is dit sterk te betwyfel dat die Wetgewer so 'n resultaat beoog het. Derdens, luidens artikel 10(1)(a) van die Wet is daar 'n vermoede dat as 'n persoon in besit gevind word van meer as 115 gram dagga volgens massa, of enige verbode afhanklikheidsvormende medisyne, word dit geag dat hy in sodanige dagga of medisyne

handel / ...........

handel gedryf het, tensy die teendeel bewys word. Die geleentheid word dus aan so 'n persoon gebied om 'n skuldig=bevinding aan handeldryf vry te spring mits hy op 'n oorwig van waarskynlikhede kan bewys dat hy die betrokke verbode stof vir sy eie gebruik besit het. Sou hy egter te eniger tyd erken dat hy die betrokke verbode stof van iemand gekoop of bekom het (wat uit 'n realistiese oogpunt gesien oorwegend die geval sou wees), sou hy skuldig wees aan handeldryf van=weë die woordomskrywing en dus nooit die vermoede kan weerlê nie. Die reg wat die Wetgewer hom gee om die vermoede te weerlê, sou gevolglik, behalwe in uitsonderlike gevalle, denkbeeldig wees. Soos hierbo aangetoon, sou dit waar=skynlik net geld waar die verbode stof opgetel of gesteel is. Dit kon die Wetgewer nie bedoel het nie.

As / ................

As aanvaar word dat die Wetgewer nie bedoel het dat ŉ koper hom aan handeldryf skuldig maak as hy verbode stof vir sy eie gebruik koop nie, soos na my mening die geval is, dan volg dit dat hy nie ŉ handeling verrig in verband met òf die verkoop òf die lewering daarvan binne die uitgebreide betekenis van die woordomskrywing van handeldryf nie.

Die logiese uitvloeisel van hierdie gevolgtrek=king is dat dit ook nie die Wetgewer se bedoeling kon gewees het dat ŉ persoon wat vir of namens ŉ ander as tussenganger of agent optree by die koop van verbode stof vir die koper se eie gebruik, hom daardeur sonder meer aan handeldryf skuldig maak nie. Waarom sou die Wetgewer, in ŉ geval soos die onderhawige, die appellant groter strafbaarheid

toereken / .........

toereken as die persoon namens wie hy gekoop het, veral waar nòg die appellant se bydrae tot die transaksie nòg sy morele verwytbaarheid wesenlik verskil van dié van die voornemende koper aan wie hy bloot 'n guns betoon het? Die appellant se optrede hou immers nie nader "verband" met die verkoop van die een Mandrax tablet as dié van die koper nie. Die koper se medepligtige (in welke kategorie die appellant val) sou in die normale loop van sake nie groter strafwaardigheid as die koper toegereken word nie, of 'n groter straf verdien nie. Ofskoon dit 'n sterk aanduiding is dat die Wetgewer nie bedoel het om iemand in die appellant se posisie by handeldryf te betrek nie, is dit egter nie op sigself deurslaggewend nie. Dit volg nie noodwendig dat die Wetgewer bedoel het dat 'n tussenganger of agent op

gelyke voet met ŉ koper behandel moet word nie. Gevolglik moet daar weer eens na die bepalings van die Wet gekyk word om die Wetgewer se bedoeling in dié opsig vas te stel.

Na aanleiding van wat reeds gesê is, is dit duidelik dat ŉ persoon in die appellant se posisie nie ŉ handeling verrig in verband met die verkoop van verbode stof nie, want verkoop sluit nie koop in nie, en sy optrede hou verband met die koop en nie die verkoop van die verbode stof nie. Die vraag is dus of hy iemand is wat ŉ handeling verrig in verband met die lewering daarvan binne die betekenis van daardie frase in die samehang van die Wet.

Die antwoord gaan myns insiens nie soseer oor die vraag of die oorhandiging aan die koper, deur die tussen=

ganger / .........

ganger of agent, van die reeds verkrygde verbode stof regtens op lewering of alleenlik op besitsoordrag neerkom nie. Dit gaan eerder oor wat die Wetgewer met die woord "lewering" in die woordomskrywing van handeldryf bedoel het. Die gebruiklike, letterlike betekenis van lewering is "verskaffing" of "besorging" (S v Batshise (T) op 979 G). In S v Rowles 1977 (2) SA 440 (O) op 443 is die mening uitgespreek dat die gebruik van die woorde "ŉ handeling verrig in verband met ...... lewering" aandui dat die Wetgewer die woord "lewering" in ŉ wye sin gebruik het. In dié verband wys VAN HEERDEN, R, in Morgan se saak op 620 E tereg daarop dat: "Die frase toon aan dat die Wetgewer nie net die lewering van dagga wou betrek nie, maar ook ŉ handeling in verband met lewering, maar dui in

sigself / .......

sigself nie aan dat die woord 'lewering' 'n wye betekenis dra nie". As lewering in die woordomskrywing 'n wye betekenis het dan kom die oorhandiging van die verbode stof deur 'n tussenganger of agent aan die koper minstens in 'n feitlike sin op die "besorging" daarvan neer, en dus op lewering, al sou dit nie, in 'n kontraktuele sin, regtens daarop neerkom nie. Die Wetgewer het, myns insiens, egter nie bedoel om die wye betekenis van besorging aan die woord "lewering" toe te skryf nie. Net soos in die geval van die weglating van die woord "koop" in die woordomskrywing van handeldryf, is die weglating van die woord "ontvangs" ewe beduidend. Dit dui daarop dat die Wetgewer 'n verskil wou tref tussen die verskaffer en die verkryger van verbode stof, en alleenlik eersgenoemde en handelinge wat verband hou met verskaffing, wou betrek by die begrip handeldryf.

As die betekenis van lewering nie beperk word nie, kan dit verskeie ongerymdhede tot gevolg hê. Een voorbeeld daarvan sou wees waar 'n koper, nadat hy die koop van verbode stof vir sy eie gebruik beklink het, sy seun of werknemer stuur om dit vir hom te gaan haal. As die seun of werknemer dit doen, wetende dat dit verbode stof is, en dit aan die koper besorg, is hulle aan handeldryf skuldig as lewering 'n wye betekenis geniet, terwyl die koper self, nadat hy besit ontvang het, aan niks meer as besit skuldig is nie. (Sien Morgan se saak op 615 E.) Ek vind dit onaanneemlik dat die Wetgewer so iets kon beoog het. In Adams se saak is daar gesê dat

dit/ ...............

dit mag wees dat die Wetgewer nie bedoel het om iemand wat niks meer doen as om op te tree as "nuntius, bode of geleibuis" van die koper tuis te bring onder diegene wat skuldig is aan handeldryf nie. Dit is nie vir my duidelik hoe so 'n persoon uitgesluit kan word as lewering 'n wye betekenis het nie, want hy sou dan binne die trefwydte van die betekenis val. Hy kan alleenlik uitgesluit word as lewering se betekenis beperk word. En as lewering se betekenis beperk word, welke logiese rede bestaan daar om so 'n persoon uit te sluit en nie ook die appellant nie?

In Morgan se saak op 614 D is daar deur L C STEYN, R, verklaar dat "(d)ie aktiwiteite vervat in die uitgebreide betekenis van handeldryf soos uitgebrei deur die insluiting van die definisie van verkoop, behels almal

verskaf=/

verskaffingsaktiwiteite of aktiwiteite wat bereken is om hierdie aktiwiteite te bevorder". Op grond hiervan het hy 'n verskil getref tussen verkrygings- en verskaffings=aktiwiteite ingevolge die Wet en bevind dat alleenlik laas=genoemde strafbaar is as handeldryf. Hierdie benadering is gevolg in Ntshingila se saak, waar DIDCOTT, R, na aan=leiding daarvan, op 887 H tot die volgende gevolgtrekking gekom het: "I therefore consider that, before any 'act' can be classified for the definition's purposes as one 'in connection with' the 'sale' or 'supply' of dagga, the question which must be asked, and answered in the affirmative, is whether it was connected with such 'sale' or 'supply' as distinct from, and rather than, the purchase or acquisition of the dagga". In Adams se saak kon DE KOCK, R, hom nie

met / ..............

met hierdie standpunt vereenselwig nie. Hy wys daarop dat die omskrywing van handeldryf nie net op verskaffings= aktiwiteite betrekking het nie, aangesien daar wel sekere verkrywingsaktiwiteite binne die woordomskrywing van handel= dryf val, naamlik, bedrywighede in verband met die insameling, invoer, verbouing en vervaardiging van verbode stof.

Ek stem saam dat die woordomskrywing in sy geheel nie net verskaffingsaktiwiteite behels nie en dat die posisie in Morgan se saak te wyd gestel is. Maar na my mening, in die lig van wat reeds gesê is, kan daar spesifiek met betrekking tot die woorde "verkoop" en "lewering" in die woordomskrywing tereg 'n verskil tussen verskaffings- en verkrygingsaktiwiteite getref word (soos DIDCOTT, R, gedoen het in Ntshingila se saak). Na aanleiding daarvan is die

gevolgtrekking / ......

gevolgtrekking geregverdig dat dit die Wetgewer se bedoeling was om alleenlik verskaffingsaktiwiteite onder die woorde "verkoop" en "lewering" tuis te bring en alleenlik diegene wat daaraan deelneem skuldig te maak aan handeldryf onder die uitgebreide betekenis van daardie woord.

Dit is 'n logies bevredigende benadering, behou die duidelike skeidslyn tussen handeldryf en besit, ruim ongerymdhede grotendeels uit die weg en verseker dat diegene wat die euwel waarteen die Wet hoofsaaklik gemik is, bevorder, naamlik die verskaffers en verspreiders van verbode stof, tuisgebring sal word onder die woordomskrywing van handeldryf.

Gevolglik moet die vraag of 'n persoon 'n handeling verrig het in verband met die verkoop of lewering van verbode stof en derhalwe binne die woordomskrywing van

handeldryf / ..........

opgeskort het. Aangesien die appellant reeds meer as twee jaar van sy vonnis uitgedien het, sou dit egter geen nut gehad het om 'n deel van sy vonnis op te skort nie - trouens hy kon daardeur benadeel word want hy sou die risiko loop, in die geval van 'n verdere oortreding, dat die opgeskorte deel van sy vonnis in werking gestel word. Bygevolg is sy vonnis verminder na een van 2 jaar gevangenis=straf.

J W SMALBERGER
APPèLREGTER